10 Dae van Gebed – Dag 10 Soek Herlewing Saam

"Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my." (Galasiërs 2:20)

Liewe Vader, vergewe ons asseblief omdat ons probeer om alles self te doen en nie op die Heilige Gees vertrou nie. Maak ons wakker vir ons eie verlossing en die van ons bure. Dankie vir die ewige vreugde wat U belowe het. Amen.

Dag 10 – Soek Herlewing Saam

Vernuwe in Jesus

• ‘n Toenemende belangstelling in die geestelike sake van die kerk.
• Wees betrokke by uitreiking om die goeie nuus van verlossing te deel met ander wat nog nie van Jesus gehoor het nie.
• Knoop verhoudings aan met ander kinders wat dalk nie baie vriende het nie.

Ons Reaksie:

• Begin ‘n gebedsgroep deur telefoon- of sosiale media met kerkvriende.
• Bid vir die Heilige Gees om ons te bemagtig sodat ons kan uitreik na ander.
• Deel interessante dagstukkies of lesings met ‘n paar vriende.

Bybelverse:

• Romeine 4:21
• Psalm 20:6

Ellen White se Raad:

"Die hele hemel is aktief en die engele van God wag om saam te werk met almal wat planne beraam waardeur siele, vir wie Christus gesterf het, die goeie tyding van verlossing kan hoor. Engele wat diegene bedien wat erfgename van verlossing gaan wees, sê aan elke ware verlosde: 'Daar is werk vir jou om te doen.' 'Gaan heen, staan en vertel ... al die woorde van hierdie lewe.' (Hand 5:20)"
(Testimonies for the Church, vol.6, bl. 433, 434.).

Liedere/Koortjies:

- When we all get to Heaven
- Pass it on/Strooi dit Rond
- People need the Lord
- We are His Hands